# LUG U MENING
# OPROEP OM OPENBARE DEELNAME

## PORTEFEULJEKOMITEE VIR MINERALE- EN PETROLEUMHULPBRONNE
## WETSONTWERP OP DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE PETROLEUMMAATSKAPPY [B2 – 2026]

**In ooreenstemming met die Parlement se vernaamste doelwit om openbare deelname en betrokkenheid by wetgewende prosesse te bevorder, nooi die Portefeuljekomitee oor Minerale en Petroleumhulpbronne belangstellende individue en betrokke belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar in te dien en belangstelling aan te dui om 'n mondelinge voorlegging oor die Wetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Nasionale Petroleummaatskappy [B 2 – 2026] te doen.**

**Die wetsontwerp het ten doel om voorsiening te maak vir die stigting van die Suid-Afrikaanse Nasionale Petroleummaatskappy, SANPM; om sy doelstellings en werksaamhede te omskryf; en om die bestuur daarvan te reguleer, met inbegrip van die aanstelling en samestelling van die raad en uitvoerende bestuur. Die wetsontwerp maak voorts voorsiening vir die bevestiging en oordrag van bates aan die maatskappy; sit bepalings met betrekking tot sy finansiële bestuur uiteen; en beskryf die aanstelling van die hoof- uitvoerende beampte, hoof-finansiële beampte en ander personeel. Daarbenewens maak dit voorsiening vir oorgangsreëlings vir die oordrag van menslike hulpbronne en bates van die Suid-Afrikaanse Gasontwikkelingsmaatskappy, iGas, die Strategiese Brandstoffonds, SBF, en die Petroleum-, Olie- en Gaskorporasie van Suid-Afrika, PetroSA, na die SANPM, asook sake wat daarmee verband hou.**

**Skriftelike voorleggings moet gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Minerale en Petroleumhulpbronne vir aandag: me Ayanda Boss, Posbus 15, Kaapstad, 8000, of per e-pos aan sanpc-pcmpr@parliament.gov.za of per faks na 086 691 4093 en moet teen nie later nie as 16:00 op Vrydag, 10 Julie 2026 ontvang word. Dui asseblief u belangstelling aan om 'n mondelinge aanbieding aan die komitee te doen.**

**Vir navrae of om 'n afskrif van die wetsontwerp te bekom, kontak asseblief me Ayanda Boss by tel 021 403 3768; sel 083 709 8515; e-pos aboss@parliament.gov.za; of besoek die parlementêre webtuiste by www.parliament.gov.za.**

**Uitgereik deur agb M Mahlaule, LP, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Minerale en Petroleumhulpbronne.**